NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 29 JULIE 2004 OM 09:30

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader in die kerkkompleks van die NG Kerk PE-Hoogland, Charlo, Port Elizabeth.

1.2 Skriflesing en gebed

1.2.1 Die voorsitter, ds EGJdeG Schutte heet almal hartlik welkom.

1.2.2 Die vergadering sing Lied 188, "Kom dank nou almal God".

1.2.3 Die voorsitter open die vergadering uit Efesiërs 3:14-21. Hy vra wanneer die kerk werklik kerk is, en nie bloot die uitkoms van 2,000 jaar se kerkgeskiedenis nie. Paulus bid dat die klein gemeente in Efese die krag sal ontvang om innerlik sterk te wees. Tweedens dat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon, en derdens dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Die kerk is kerk wanneer ons innerlik sterk is en met aangeraakte harte ook anders leef – Christus leef. Wanneer ons in mekaar Jesus herken, en ander mense Hom ook in ons herken. Ook wanneer ons wortels in die liefde geleë is en ons die liefde ken. Die kerk is die adres waar Christus woon.

1.2.4 Die vergadering bid in kleingroepies saam en sing daarna Lied 526, "Waar daar liefde is".

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds DF Oelofse (sekundus)

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier	
Algoa	Ds JP Kampman Oudl (me) V Schäfer (Lorraine)	
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord)	Oudl (me) N Nel (Aliwal-Noord)
Cradock	Ds HM Strydom Oudl AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl	
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira Oudl JM Nel (Aberdeen)	
Humans-dorp		Ds DF Oelofse (Met kondonering van die vergadering)
Oos-Londen	Dr WL Steenkamp Oudl A Olivier (KWT)	

Port Elizabeth	Ds M van Niekerk Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	
PE-Wes	Ds C Coetzee Diak (me) E Anderson (Sionsrand)	
Queenstown	Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	Ds WFA Lötter
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS
Mev L Steyn – DL Vrouelidmate
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder Begeleidingsnetwerk

2.5 Verskonings

Ds MF Steyn (Humansdorp)
Ds JM Wolmarans (Albanie)
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Prof PJ Naudé - Netwerk vir Navorsing

2.6 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

3.1 Besluit: Die volgende sittingsure word goedgekeur:

09:30 - 10:00 Tee
10:00 - 13:00 Vergadering
13:00 – 13:45 Ete
13:45 - 16:00 Vergadering

4. KERKHERENIGING EN KONVENT VIR EENHEID

4.1 Raamwerk vir die proses

4.1.1 Dr Chris van Wyk tree as fasiliteerder op.

4.1.2 Die vergadering hanteer drie rigtinggewende tekste as verwysingsraamwerk:

- Filippense 1:27-2:11,
- die Geloofsverbintenis van die Sinode, en
- die dokumente van die Konvent vir Eenheid.

4.1.3 Die proses is daarop gemik om sinodale funksie van visioenêre leierskap te fasiliteer.

4.2 Woon in die Woord

4.2.1 Die vergadering luister na die voorlees van Filippense 1:27-2:11, met die vraag: “Waar word my gedagtes geboei?” Vervolgens besin elkeen vir 5 minute daaroor, voordat hulle hul gedagtes met een ander persoon deel. Daarna rapporteer lede terug wat die ander persoon gesê het.

4.2.2 Die volgende terugvoer word gegee:

- Mense sien en hoor hoe die kerk lewe, sodat ons bewus moet wees dat ons lewenswandel berigte oor die kerk laat uitstraal.

- Ons eensgesindheid is ons getuienis teenoor die wêreld;

- Ons lewenswandel moet in ooreenstemming wees met die evangelie van Jesus Christus – “walk the walk and talk the talk” wat pas by die evangelie – konsekwentheid, kongruensie en integriteit;

- Die woorde stryd en stry kom dikwels voor. Dis ‘n stryd om aan die ander se belang te dink.

- Om vir Christus te dien, beteken nie net om in Hom te glo nie, maar ook om vir Hom te ly.

- Lewenswandel – moet uitloop op eensgesindheid. Ons moet standvastig saamstry teen die teenstanders van die evangelie. Deur eensgesindheid word die weerstand teen die evangelie oorwin.

- Christus het mens geword maar nooit opgehou om God te wees nie. Dit versterk ons, maar was dit nie vir Hom bietjie makliker nie?

- Die voorreg en blydskap om vir Christus te ly. Daarom het Christus nie vasgeklem aan sy status nie – “Let go and let God”.

- Lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie met die doel dat Jesus verheerlik word – almal buig voor Hom, die eer van God as einddoel.

- Moet julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Wat sê die Woord, dit is waar ons behoort te staan. Wees versigtig dat vrees vir weerstand jou nie lei nie – ook nie dié van lidmate en die dreigemente oor geld wat onttrek gaan word nie.

- Christus het ‘n baie spesifieke opdrag gehad. Die vraag vir ons is wat is ons missie as kerk? Wat is ons opdrag? Wat wil God hê? Eenheid in missie is noodsaaklik.

4.3 Aanbevelings van die Konvent in verband met die Belydenis van Belhar

Die vergadering blaai deur die Notule van die Konvent met die vergadering, en fokus die aandag op punt 5.1.1 – "Besluite in verband met die Belydenis van Belhar".

Die aanbevelings word in kleingroepe bespreek aan die hand van die vraag: "Hoe stem dié aanbeveling van die Konvent ooreen met julle verstaan van die Skrif, die verbintenis van die sinode, en die besluit van die sinode oor kerkvereniging waaronder die konsentriese sirkels? Hoe wil ons dit verander as ons nie daarmee saamstem nie?"

4.4 Terugvoer uit die kleingroepe

- Kom ons aanvaar punte 1 – 5.
- Daar is nog 'n stuk geskiedenis, negatiewe persepsies en agterdog, wat aangespreek sal moet word.
- Die Belharbelydenis is volgens die oordeel van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die Skrif. Ons kan die Skriftuurlikheid daarvan aanvaar.
- 'n Aantal jare gelede het die Oos-Kaapse ringe oor Belhar besin en nêrens Skriftuurlike beswaar kon vind nie. Die beswaar hou meer verband met die konteks waaruit Belhar kom. Ons ken nie meer die konteks waaruit ons ander belydenisskrifte kom nie – daar was in daardie tyd ook heelwat spanning en konflik.
- Onthou om eksegetiese verantwoordbaar met die tekste om te gaan en alles wat ter sake is uit die Skrif te identifiseer.
- In watter mate kan die eenheidsgesprek goeie samewerking op plaaslike vlak in die gedrang bring? In die hart van plaaslike VGK-gemeentes leef daar ook vrae oor Belhar en is dit oral aanvaar.
- Franscois Bakkes spreek die vergadering in Xhosa toe en skakel dan oor na Afrikaans. By die Konvent was daar twee persone wat net Xhosa kon praat. Hulle het geweet daar word oor kerkeenheid gepraat, maar kon nie verstaan sonder dat daar getolk word nie. Geen van die dokumente was in Xhosa beskikbaar nie. Hierdie persone weet ook nie wat die Belydenis van Belhar is nie. Vir hulle lyk die probleme in die Oos-Kaap nie dieselfde as die probleme wat in Belhar beskryf word nie. Moet ons nie meer fokus op ons streek en die probleme wat hier is nie?
- Historiese agtergrond: In 1990 het die NGKA by die Algemene Sinode navraag gedoen of hulle deel kan word van die NG Kerk. Op daardie stadium is die saak op die ys geplaas. Sedertdien het die VGK tot stand gekom, maar 'n groot deel van die swart NGKA het buite die VGK gebly. Dit is gevolg deur twee hofsake. In die eerste saak is toegestaan dat die geboue die VGK s'n word, maar in die appel is die geboue aan die NGKA teruggegee.
- Die bestaande NGKA is nie ten gunste van Belhar nie. Die RCA is ook nie ten gunste van Belhar nie. Die gesprek oor kerkeenheid moet al die verskillende kerke insluit, nie net die VGK nie. As ons nou eindbesluite neem, bv dat die Belhar-belydenis noodwendig deel moet word van die belydenisgrondslag, skep ons 'n moeilike situasie wat eenwording by voorbaat baie belas.
- Daar is kerke, soos die NGKA, wat op federale manier deel wil wees van 'n verenigde kerk. Dit beteken dat die streeksinodes in verband staan, maar daar nie op ring en gemeentelike vlak 'n direkte verband is nie. Die VGK kan die NGK kaap as ons vooraf besluit dat Belhar ingesluit moet word, terwyl die sinodes in die binneland op 'n federale model mag besluit. Moenie met die Konvent van Brackenfell te vinnig loop nie. As ons ander lede by 'n nasionale konvent kan betrek, en die Brackenfell-soort besluite word geneem, kan ons voortgaan.
- Wat van eenheid met ander Afrikaanse kerke van dieselfde belydenis? Dit lyk nie of hierdie saak prioriteit geniet nie.
- Die kern van die Belharbelydenis, eenheid, geregtigheid en versoening, pas heeltemal in by ons sinodale verbintenis.
- Die eenheidsproses is nie inklusief genoeg nie, en betrek net die VGK en NGK.

4.5 Besluitneming oor die Notule van die Konvent vir Eenheid Bylaag A

4.5.1 Paragraaf 5.1.1 van die Notule (Bylaag A) dien voor die vergadering.

4.5.2 Amendement by 5.1.1 pt 1

4.5.2.1 Ter wille van die eenheidsproses in die hele familie van NG Kerke staan die Sinode van Oos-Kaapland by sy besluit t.o.v. die belydenisgrondslag in terme van die konsentriese kringe soos geneem in 2003

S du Toit
JZ du Plessis

4.5.2.2 Besluit: Goedgekeur. Aanbeveling 1 by 5.1.1 in die Notule van die Konvent word verwerp.

4.5.3 Amendement by 5.1.1 pt 2

4.5.3.1 Die SK beveel by die Algemene Sinode aan dat 'n nuwe belydenisgrondslag soos die huidige sinodale besluit (2003) sal lees om die proses van kerkeenheid te dien:
1. Die eerste kring handel oor die Bybel - die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte.
2. In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

3. In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.
4. Die vierde kring is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid.
5. Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil

4.5.3.2 Alle nuwe lidmate wat belydenis van geloof aflê, sal die nuwe herenigde kerk se belydenisgrondslag onderskryf.

DF Oelofse
WP Petzer

4.5.3.3 Besluit: Goedgekeur.
Aanbeveling 2 by 5.1.1 in die notule van die Konvent word verwerp.

4.5.4 Amendement by 5.1.1 pt 3

4.5.4.1 Dit word van alle proponente van die nuwe herenigde kerk verwag om hierdie belydenisgrondslag te onderteken soos by pt 4.5.3.1 hierbo voorgestel. Huidige leraars kan egter besluit of hulle hierdie nuwe legitimasie-eed wil onderteken al dan nie.

DF Oelofse
WP Petzer

4.5.4.2 Besluit: Goedgekeur.
Aanbeveling 3 by 5.1.1 in die notule van die Konvent word verwerp.

4.5.5 Besluit: Pt 5.1.1 aanbeveling 4 uit die notule word goedgekeur.

4.5.6 Besluit: Kennis word geneem van pt 5.1.1 aanbeveling 5.

4.5.7 Kommunikasie van die besluite

4.5.7.1 Besluit: Die SK besluit om bogenoemde as bydrae tot die gesprek aan die Algemene Sinode van die NGK en die Konvent vir Eenheid deur te gee.

4.5.8 Notule pt 5.2.1, Voorstelle Model vir Kerkeenheid, 1-5 word goedgekeur

4.5.9 Notule pt 5.2.2, Voorstel strategiese proses vir kerkeenheid, word goedgekeur.

4.5.10 Notule pt 5.3.1, Vergaderings en gesprekke dwarsdeur streek, word goedgekeur

4.5.11 Notule pt 5.3.2, Toestemming aan streeksinodes, word in sy geheel goedgekeur.

4.5.12 Notule pt 5.3.3, Beroep op leierskap, word goedgekeur.

4.6 Inleidende opmerkings oor die Belydenis van Belhar Bylaag B

4.6.1 Kennis word van Bylaag B geneem.

4.7 Inleidende opmerkings by die Begeleidende Brief van die Belydenis van Belhar Bylaag C

4.7.1 Kennis word van Bylaag C geneem.

5. COLLOQUIUM DOCTUM Bylaag D

5.1 Bylaag D dien voor die vergadering en word deur die aktuarius toegelig. Pastoor Dawie Kotzé, polisiekapelaan van Graaff-Reinet, doen aansoek om Colloquium Doctum af te lê en so bedieningsbevoegdheid in die NG Kerk te verkry.

5.2 Hy verskyn ter vergadering vir 'n gesprek met die Sinodale Kommissie.

5.3 Die aktuarius wys pastoor Kotzé daarop dat hy 'n lidmaat van die NG Kerk moet wees om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word.

5.4 Hy beantwoord vrae oor sy teologiese opleiding, sy siening van die kinderdoop en die verbond, asook die werking van die Heilige Gees in verhouding met die Woord.

5.5 Pastoor Kotzé getuig dat hy tuis voel in die NG Kerk – in terme van leer en lewe. Hy preek gereeld in verskillende NG Kerke. Hy het die skuif na die NG Kerk biddend oorweeg en is in sy hart oortuig dat dit is wat God wil hê hy moet doen.

5.6 Die aktuarius onderstreep dat die kuratorium na sy opleiding sal kyk en 'n sillabus voorskryf wat die verskil in opleiding sal ondervang. Dit is dus dringend dat hy so gou as moontlik kontak maak met 'n kuratorium.

5.7 Besluit: Die SK beveel op grond van sy gesprek met pastoor D Kotzé met vrymoedigheid aan dat die kuratorium aan hom colloquium doctum toestaan.

6. VOLGENDE VERGADERINGS

6.1 28 Oktober 2004 - SK-Dagbestuur
6.2 25 November 2004 - Sinodale Kommissie

7. AFSLUITING

7.1 Die vergadering word met gebed en die sing van "Doen slegs U wil, Heer".

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth
op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: